## KENNISGEWING VAN OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES

# VOORGESTELDE WIND ENERGIE FASILITEIT IN DIE WES-KAAP PROVINSIE

### ‘n ESKOM INITIATIEF

Eskom Holdings Bpk beplan vir die oprigting van ‘n nuwe **wind energie fasiliteit** (windplaas) en geassosieerde infrastuktuur op ‘n terrein op die Weskus in die Wes-Kaap Provinsie. Deur gebruik te maak van ‘n streeks terrein identifikasie proses binne die Matzikama Plaaslike Munisipaliteits gebied op die Weskus het Eskom ‘n terrein geidentifiseer waar ‘n Omgewingsimpakevalueringsproses (OIE) gedoen kan word.

Hierdie area behels die volgende plase:

» Deel 5 van die plaas Gravewaterkop 158
» Deel 620 van die plaas Olifantsrivier Nedersetting
» Deel 617 van die plaas Olifantsrivier Nedersetting

‘n Grondopervlak van bykans **$25km^2$** word benodig vir die konstruksie van die voorgestelde wind energie fasiliteit, wat die volgende elemente insluit:

» tot en met **100 wind turbines**
» ‘n **substasie**
» oorhoofse 132 kV **kraglyne** wat krag direk in die bestaande netwerk by Koekenaap of Vredendal sal invoer
» ‘n **toegangspad** na die terrein vanaf die hoofpad in die gebied

Ingevolge die OIE-regulasies wat kragtens Artikel 24(5) van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA, Wet Nr. 107 van 1998), soos gelees met the Staats Aankondiging R385 (Regulasie 27-36) en R387, word ‘n Bestekopnamefase en Omgewingsimpakevalueringsproses benodig vir hierdie voorgestelde projek. Hierdie projek is by die Nasionale DEAT geregistreer onder **Aansoekverwysingsnommer 12/12/20/913**.

Savannah Environmental was aangestel as die onafhanklike konsultant om die bogenoemde studies en die openbare deelnameproses te behartig. Om verdere inligting rondom die projek te verkry en om te registreer word u versoek om u naam, kontak besonderhed en belangstelling in die projek aan ons te stuur by:

**Shawn Johnston** by **Sustainable Futures ZA**
Posbus 749, Rondebosch, KAAPSTAD, 7701
Telefoon: 083 325 9965
Faks: 086 510 2537
E-pos: windfarms@mweb.co.za
www.savannahsa.com

Savannah ENVIRONMENTAL (PTY) LTD

SUSTAINABLE FUTURES ZA